HOËRSKOOL BONNIEVALE
NUUSBRIEF

25 Januarie 2024

OMSENDBRIEF 2/2024

Geagte ouers, leerders en Bonnievalers

1. **Matriekuitslae 2023:** Baie geluk aan die matrieks van 2023 met hulle matriekuitslae. Die skool se matriekslaagsyfer is 95.6%. 100% van die matrieks wat graad 11 in 2022 geslaag het, het graad 12 geslaag. 54% van die matrieks het met baccalaureus geslaag, wat hulle vrystel vir studies aan ‘n universiteit. Al die graad 12’s wat geslaag het, kwalifiseer wel vir tersiêre studies. Twee A-gemiddeldes is behaal (**Christiaan de Wet** en **Alicha la Grange**). Die matrieks het 27 vak-A’s verdien. ‘n Spesiale gelukwensing aan 2023 se Dux-leerder, **Christiaan de Wet**. Christiaan het vir agt van sy nege vakke ‘n A-simbool behaal. Welgedaan Christaan!

2. **Assesseringsprogram:** Saam met hierdie nuusbrief is u kind se assesseringsprogram vir die jaar uitgedeel. Die program dui aan watter assesserings u kind in watter week van die jaar doen. Die spesifieke dag en datum sal vroeg elke kwartaal deur die vakonderwysers bekendgemaak word aan die leerders. Plak asseblief die assesseringsprogram op ‘n plekkie in u huis waar u dit daagliks kan dophou sodat u seker kan maak u kind mis nie assesserings nie en dat hy/sy die nodige ondersteuning kry. U kontrole en toesig oor u kind se akademie by die huis is kardinaal vir sy/haar sukses.

3. **Tweekamp:** Die volgende atlete het die 20ste Januarie deelgeneem aan die laaste tweekamp liga byeenkoms te HS Paarl Gimnasium.

Ouderdom	Posisie	Atleet	Punte
S o.9	12de	**Bernard Schoeman**	1949
D o.11	28ste	**Emily Schoeman**	1913
D o.15	8ste	**Kayla Schoeman**	1928
D o.15	13de	**Lisa van Zyl**	1892
D o.15	15de	**Anica Gerber**	1878
S o.19	6de	**Taetse Möller**	1875

Die volgende atlete het ook verskeie Boland Tweekampspanne gehaal vir die 2023-2024 seisoen. Baie geluk aan die atlete!

Taetse Möller A-Span
Bernard Schoeman B-Span
Kayla Schoeman B-Span
Lisa van Zyl Ontwikkelingspan
Anica Gerber Ontwikkelingspan

Die atlete wat die Bolandspanne gehaal het, sal op 2 en 3 Februarie te Oudtshoorn deelneem teen die Westelike Provinsie, Oos-Kaap, Eden, Griekwas en Grens. Ons wens julle alle sterkte toe.

4. **Snoepie:** Die Bonnie-gees is nie net sterk onder die leerders hierdie jaar nie. Mev. Lelise Scheepers, voorsitter van die O.O.K, het hierdie afgelope week ongelooflike goeie ondersteuning van ouers gekry vir voorbereiding vir die snoepie by die kleure-atletiek, asook ouers wat bereid is om op die dag diens te doen. BAIE Bonnie-dankies vir hierdie entoesiasme en harde werk, ouers. Ons kan nie sonder julle hulp nie. Die diensrooster vir Vrydag se snoepie:

26 Januarie 2024

Kleure-atletiek

ROOSTER

	7:00 - 8:00	8:00 - 9:00	9:00 - 10:00	10:00 - 11:00	11:00 - 12:00	12:00 - 13:00	13:00 - 14:00	14:00 - 15:00
TOASTIES								
1	Mem Davids	Chamila Conradie	Chamila Conradie	Claudine Hopp	Vivian Crous	Rachal Bantom	Mona Swarts	Mona Swarts
2	Annika v Wyngaard	Lehandre Michaels	Lehandre Michaels	Jacolene de Haast	Fredelene Manho	Andelene Manho	Destemonia vd Merwe	
HAMBURGERS								
BRAAIERS		Victor Louw	**Eerste rugbyspanspelers**					
2	Anusha Chetty	Hyron Baadjies	Hyron Baadjies	Annika v Wyngaard	Carla de Wet	Renee Botha	Christeline Witbooi	
3	Christelene Kuhn		Lindelize Jonker	Lizl Pieterse	Lizl Pieterse	Carla de Wet		
KOFFIE / TEE / HOT CHOCOLATE & DOUGHNUTS PAK								
5	Renee Botha	Salome Vermeulen	Salome Vermeulen	Maggie Windvogel	Maggie Windvogel			
6	Zaantjie v Wyk		Fransiena Marthinus					
TOONBANK 1 - BETAAL EN AANGEE								
7	Marelize Beukes	Marelize Beukes	Marelize Beukes	Marelize Beukes	Marushca vd Merwe	**Leila-Rose Thomas**	Lidelle Rheeders	Lidelle Rheeders
8	Lelise scheepers	Nicky Cloete	Marushca vd Merwe	Nicky Cloete	Nicky Cloete	**Keziah Steyn**	Marelize beukes	Marelize beukes
TOONBANK 2 - BETAAL EN AANGEE								
9	Carien Gerber	Christelle van Zyl	Christelle van Zyl	Marine Mathee	Shalida Ross	Shalida Ross	Mia Carstens	Mia Carstens
10		Lelise Scheepers	Jasmin Windvogel	**Dalicia Manho**	**Abrie Botes**	**Edean Kriel**	Marine Matthee	**Edean Kriel**
SLAP CHIPS								
11	Maryna v Tonder	Maryna v Tonder	Maryna v Tonder	Maryna v Tonder	Maryna v Tonder	Maryna v Tonder		
12	Engelynn Thousand	Engelynn Thousand	Engelynn Thousand	Engelynn Thousand	Engelynn Thousand	Engelynn Thousand		
13		Carla Britz	Carla Britz	Mona swarts	Mona swartz			

5. **Kleure-atletiek:** Kom besoek gerus ons kleure-atletiekbyeenkoms op **Donderdag 25 Januarie** (Dirigente-opkoms en aflosse) om 12:00 en **Vrydag 26 Januarie** vanaf 7:00. Die dirigente se opkoms en die krete van die kleurspanne was regtig indrukwekkend die afgelope twee jaar.

6. **Graad 8-saalbyeenkoms:** Alle graad 8-ouers word uitgenooi om **Maandag 29 Januarie** om **7:20** ‘n spesiale saalbyeenkoms vir die graad 8’s by te woon. Op hierdie Maandag mag die graad 8’s ook vir die eerste keer hulle amptelike groen skoolbaadjies skool toe bring, wat dan seremonieel aan elke graad 8 op die verhoog oorhandig sal word. **Sorg dus asseblief dat u kind teen Maandag 29 Januarie ‘n skoolbaadjie het**. Die dra van skoolbaadjies is verpligtend volgens ons gedragskode. Ons sal ná die saalbyeenkoms ons tradisionele Golden Gate-seremonie volg en behoort teen min of meer 8:30 klaar te wees.

7. **WhatsApp:** Ons vind dat WhatsApp steeds die effektiefste manier is om met ons ouers te kommunikeer. Sorg asseblief dat u kind se registeronderwyser en die skool altyd u nuutste selfoonnommer het sodat u op hoogte gehou kan word. Gebruik ook gerus WhatsApp om die kantoor te kontak by 060 546 5247.

8. **Leerling- en bestuurslisensies:** Leerders by HSB kan by die skool hulp kry met leerlinglisensies en bestuurslesse teen ‘n fraksie van die koste van privaat bestuurskole. Maak gerus by mnr. Rian Boshoff ‘n draai of kontak hom per e-pos by rboshoff@hsbonnievale.co.za

9. **SBL-verkiesing:** Kennis word hiermee gegee dat ‘n vergadering vir die nominasie en verkiesing van kandidate vir die verkiesing van ouers as lede van die Skoolbeheerliggaam van Hoërskool Bonnievale gehou sal word op 5 Maart 2024 om 18:00 in die skoolsaal. Indien daar op hierdie vergadering nie ‘n kworum (15% van stemgeregtiges) bereik word nie, sal ‘n opvolgvergadering plaasvind op 19 Maart 2024 om 18:00 in die skoolsaal. ‘n Kandidaat kan ook genomineer word deur nie meer as sewe skooldae voor die aanvang van die bogenoemde vergadering ‘n nominasievorm, behoorlik ingevul deur die voorsteller, die sekondant en die kandidaat, by die verkiesingbeampte by die skoolkantoor in te dien. Nominasies sal ook by die nominasie en verkiesingsvergadering van 5 Maart ingedien kan word. Nominasievorms is by die skoolhoof van Hoërskool Bonnievale beskikbaar. Indien meer kandidate genomineer word as die getal lede wat verkies moet word, moet ‘n verkiesing gehou word.

10. **Matriekafskeid 2024:** HSB se matriekafskeid van 2024 sal op **19 September** plaasvind. Let daarop dat die Skoolbeheerliggame van beide Hoërskool Bonnievale en Jakes Gerwel Tegnies besluit het om die hofuitspraak van WCRA vs. Parow High School van 2006 te eerbiedig deur die matriekafskeid as ‘n geleentheid te gebruik om goeie gedrag deur ons matrieks te beloon. Volgens die hofuitspraak is ‘n matriekafskeid nie leerders se reg nie, maar ‘n voorreg en mag dit gebruik word as positiewe versterking van

goeie leerdergedrag. Teen Junie 2024 sal **matrieks dus slegs 'n uitnodiging na die matriekafskeid ontvang wanneer hulle aan al vier die volgende voorwaardes voldoen...**

- deurgaans goeie gedrag en positiewe waardes by die skool en in die gemeenskap uitgeleef het;
- nie by gereelde oortredings van die skool se gedragskode betrokke was nie, volgens die skoolhoof en Skoolbestuurspan se diskresie;
- nie aan enige ernstige wangedrag by 'n SBL Dissiplinêre Verhoor skuldig bevind is nie;
- nie meer as drie skooldae sonder 'n geldige, deeglike verskoning, volgens die skoolhoof se diskresie, afwesig was nie.

Ouers en leerders wat kostes aangaan vir die matriekafskeid voordat 'n uitnodiging oorhandig is, doen dit dus op eie risiko, afhangend van die matriekleerder se gedrag. Hierdie klousule sal ook by die eerste SBL-vergadering van 2024 in Hoërskool Bonnievale se gedragskode opgeneem word.

11. **Aktiwiteite:** Die volgende datums is belangrik:

Do. 25 Jan.	Kleure-atletiek Dirigente-opkoms, krete en aflosse 12:00
Vr. 26 Jan.	Kleure-atletiekbyeenkoms 7:00 Mnr. Michael Jordaan verjaar
So. 28 Jan.	Juf. Elizna Erasmus verjaar
Ma. 29 Jan.	Gr. 8-saalbyeenkoms en Golden Gate-seremonie (gr. 8-ouers welkom) 7:20 in skoolsaal
Di. 30 Jan.	Atletiek: Laerskole Dorpsbyeenkoms te HSB
Wo. 31 Jan.	Hoërskooltennis vs. Bredasdorp (tuis)
Do. 1 Feb.	Kleure-swemgala O.19-krieket vs. Swellendam
Vr. 2 Feb.	Alle leerders se handboeke en skryfboeke moet oorgetrek wees Aansoeke vir hernasien van NSS 2023 sluit
Sa. 3 Feb.	ASA Afrigtingskursus (Robertson) Tweekamp: Interprovinsiale toernooi (Oudtshoorn)
Wo. 7 Feb.	O.13-krieket vs. Ashton (tuis)
Do. 8 Feb.	Laerskooltennis vs. Montagu (weg) O.19-krieket vs. Jakes Gerwel Tegnies (tuis)
Sa. 10 Feb.	Atletiek: Hoërskole Langebergbyeenkoms te Swellendam Atletiek: Laerskole Langebergbyeenkoms te HS Bonnievale

Vriendelike groete vanuit die kantoor.

S. Prins
Skoolhoof

"Atletiek gaan nie noodwendig oor bene nie. Dit gaan oor die hart en die verstand."

- Eliud Kipchoge (Keniaanse langafstandatleet)